

4 Julie

Skrifgedeelte: Psalm 104

Fokusgedeelte: Psalm 104:24

Die Here se skepping is in wysheid geskape

In Artikel 2 van die NGB bely ons dat die skepping soos 'n mooi boek is waarin alle skepsels die onsigbare dinge van God kan sien, naamlik sy ewige krag en goddelikheid.

Wanneer ons dus sien hoe die Here geskep het en steeds alles onderhou, sien ons nie maar net iets van die natuur nie, maar ons sien iets van God self. En ons as sy kinders word in hierdie Psalm weer tot lof opgeroep vir hierdie wonderlike openbaring.

Hoe kan ons die Here nie loof nie as ons saam met die Psalmdigter die talrykheid van die Here se werke kan besing. Wanneer ons sien hoeveel detail daar in die skepping van die Here is, selfs in die kleinste, eenvoudige selletjie, kan ons nie anders as om in lofsang uit te breek nie.

In ons fokusvers besing die Psalmdigter die talrykheid van die werk van God. Wanneer ons dink aan die hoeveelheid sterre en sterrestelsels, staan ons in verwondering hieroor. Die Here het in oorvloed geskape, en so voorsien hy ook in oorvloed. Vir sy kinders voorsien hy in die oorvloedige genade van Christus. So talryk soos die werke in die skepping, is die genadewerke van ons Here Jesus wanneer Hy vir elkeen van ons ontelbare sondes aan die kruis betaal het.

Die Here se skepping is nie net oorvloedig nie, maar ook in wysheid geskape. Die natuurwetenskappe kan getuig van die wysheid wat in die natuurwette opgesluit lê, en nog steeds kan ons mense nie eers die begin van daardie wysheid verstaan nie.

Bid daarom dat die Here deur die wysheid van Christus ons dwaasheid sal wegneem, sodat ons Hom in woord en daad sal loof.

Sing: Psalm 104:1, 2, 14, 15 (1933-beryming)

Ds C Jooste (Innesdal/Eloffsdal)